

Avontuur
Verhale

Die Hasie van Fluweel

Deur Margery Williams



Lank, Lank Gelede

Was daar 'n hasie van fluweel, en aan die begin was hy regtig pragtig. Hy was vet en bondig, soos 'n hasie behoort te wees, sy jas was bruin en het wit vlekke op gehad, hy het regte draad snorbaarde gehad, en sy ore was met pienk satyn gevoer.



Op Kersoggend, toe hy in die bopunt van die Seuns se kers kous vasgekruij gesit het, met 'n takkie steekpalm tussen sy pote, was die effek bekoorlik.



Daar was ander goed in die kers kous soos, neute en lemoene en 'n speelgoed enjin, en sjokolade amandels en 'n klokwerk muis, maar die Hasie was die beste van almal. Vir ten minste twee ure was die Seun lief vir hom!




En toe kom tannies en ooms vir aandete, en daar was 'n groot geritsel van papier en oop maak van pakkies, en in die opgewondenheid om na al die nuwe geskenke te kyk, was die fluweel hasie vergete.



Hy het lank in die speelgoed kas of op die kinderkamer vloer gewoon, en niemand het baie aan hom gedink nie. Hy was van natuurlik skaam, en omdat hy net van fluweel gemaak was, het van die duurder speelgoed hom nogal gesmoor.



Die meganiese speelgoed was baie voortreflik en het neergesien op almal; hulle was vol moderne idees, en het gemaak of hulle werklik was. Die modelboot, wat twee seisoene deur geleef het en die meeste van sy verf verloor het, het die toon by hulle gekry en het nooit 'n geleentheid gemis om in tegniese terme na sy manipulasie te verwys nie.



Selfs Timothy, die hout leeu wat deur die gestremde soldate
gemaak was en moes breër opinies gehad het, het uitgesaai en
gemaak asof hy met die regering verbind was.



Tussen hulle almal het die arme klein Hasie homself baie onbelangrik en alledaags laat voel, en die enigste persoon wat enigsins goed vir hom was, was die Vel Perd.

Die Vel Perd het langer in die kwekery gewoon as enige van die ander. Hy was so oud dat sy bruin jas kaal kolle was en die nate onder het gewys, en die meeste van die hare in sy stert was uitgetrek om string krale halsnoere te ryg. Hy was wys, want hy het 'n lang reeks meganiese speelgoed gesien aankom om te spog en om groot te praat, en deur en deur hul hoofbronne te breek en te sterf, en hy het geweet dat hulle net speelgoed was, en nooit in enige iets anders sou verander het nie.



Want toorkuns is baie vreemd en wonderlik, en net daardie speelgoed wat oud en wys was en ervaring soos die Vel Perd gehad het, verstaan alles daarvan.


"Wat is WERKLIK?" het die Hasie eendag gevra, toe hulle langs mekaar naby die kinderkamer se skerm gelê het, voordat Nana die kamer kom op geruim het. "Beteken dit dat jy goed binne in jou moet hê wat zoem en 'n uitsteek handvatsel moet hê?"



"Werklikheid is nie hoe jy gemaak was nie," het die Vel Perd gesê. "Dit is 'n ding wat met jou gebeur. Wanneer 'n kind jou vir 'n lang, lang tydperk lief het, nie net om mee te speel nie, maar REGTIG lief is vir jou, dan word jy Werklik."

"Is dit seer?" het die Hasie gevra.

"Soms," het die Vel Perd gesê, want hy was altyd eerlik. "As jy Werklik is, gee jy nie om om seer gemaak te word nie."



"Gebeur dit alles op een slag, soos om opgewen te word," het hy gevra, "of bietjie vir bietjie?"

"Dit gebeur nie op een slag nie," het die Vel Perd gesê. "Dit vat lank. Dit is hoekom dit nie dikwels gebeur met mense wat maklik gebreek het nie, of wat skerp kante gehad het, of wat versigtig gehou moet word nie. Oor die algemeen, teen die tyd dat jy Werklik is, is die meeste van jou hare af en jou oë het uit geval en jy raak los in die naat en lyk baie slordig. Maar hierdie dinge maak glad nie saak nie, want as jy eers Werklik is, kan jy nie lelik wees nie, behalwe vir mense wat nie verstaan nie."



"Ek dink jy is Werklik?" het die Hasie gesê. En toe wens hy, hy het dit nie gesê nie, want hy het gedink die Vel Perd is dalk sensitief. Maar die Vel Perd het net geglimlag.

"Die Seun se oom het my Werklik gemaak," het hy gesê. "Dit was baie jare gelede; maar as jy eers Werklik is, kan jy nie weer onwerklik word nie. Dit hou vir altyd."




Die Hasie het gesug. Hy het gedink dit sou lank duur voordat hierdie towerkuns genaamd Werklikheid met hom sou gebeur. Hy het verlang om Werklik te word, om te weet hoe dit voel; en tog was die idee om slordig te word en sy oë en snorbaarde te verloor nogal hartseer. Hy het gewens dat hy dit kon word sonder dat hierdie ongemaklike dinge met hom kon gebeur.



Daar was 'n persoon genaamd Nana wat die kinderkamer regeer het. Soms het sy geen kennis geneem van die speelgoed wat rond gelê het nie, en soms, sonder enige rede hoegenaamd, het sy soos 'n groot wind rond gewaai en dit in kaste weg gebêre. Sy het dit "opruim" genoem en die speelgoed het dit almal gehaat, veral die blik. Die Hasie het hom nie so erg daaraan gesteur nie, want waar hy ook al gegooi was, het hy sag af gekom.



Een aand, toe die Seuntjie gaan slaap het, kon hy nie die porselein hond kry wat altyd by hom geslaap het nie. Nana was haastig, en dit was te veel moeite om voor slaaptyd vir 'n porselein hond te jag, so sy het eenvoudig om haar gekyk, en gesien dat die speelgoed kas se deur oop gestaan het, so sy het 'n plan gemaak.



"Hier," het sy gesê, "vat jou ou Hasie! Hy sal maar net moet doen om by jou te slaap!" En so sleep sy die Hasie aan die een oor en sit hom in die Seun se arms.



Daardie aand, en vir baie nagte daarna, het die fluweel Hasie in die Seun se bed geslaap.

Eers het hy dit nogal ongemaklik gevind, want die seun het hom baie styf omhels, en soms het hy oor hom gerol, en soms het hy hom so ver onder die kussing ingedruk dat die Hasie skaars asem kon gehaal het.

En hy het ook daardie lang maanlig-ure in die kinderkamer gemis, toe die hele huis stil was, en het sy praatjies met die Vel Perd gemis.



Maar baie gou het hy daarvan begin hou, want die seun het met hom gepraat en vir hom mooi tonnells gemaak onder die beddegoed wat volgens hom soos die gate was waarin die regte hase gewoon het.

En hulle het heerlike speletjies saam gespeel, in fluister, toe Nana weggegaan het na haar aandete en die naglig op die kaggelrak laat brand het. En wanneer die Seuntjie aan die slaap geraak het, het die Hase onder sy warm kenetjie ingekruip en gedroom, met die Seuntjie se hande die hele nag om hom vas geklem.



En so het die tyd aangegaan, en die hasie was baie gelukkig - so bly dat hy nooit opgemerk het hoe sy pragtige fluweelkleurige pels al hoe ouer en ouer geword het, en sy stert word nie toegewerk nie, en al die pienk het van sy neus afgevryf waar die seuntjie hom altyd gesoen het.



Die lente het gekom, en hulle het lang dae in die tuin gehad, want waar die Seun ook al gegaan het, het die Hasie ook gegaan. Hy het ritte in die kroiwa gehad, en piekniek op die gras, en lieflike Feetjie hutte wat vir hom gebou was onder die framboosriete agter die blomme rand.



En eenkeer, toe die Seuntjie skielik weg geroep word om tee te gaan drink, was die Hasie tot lank na skemer op die grasperk uitgelaat, en Nana moes hom met die kers gaan soek het want die Seun kon nie gaan slaap tensy hy daar was nie. Hy was papnat van die dou en nogal grondagtig omdat hy in die gate geduik het wat die Seun vir hom in die blombedding gemaak het, en Nana het gebrom terwyl sy hom met 'n hoek van haar voorskoot afgevyf het.



"Jy moet jou ou Haas hê!" het sy gesê. "Al die bohaai vir 'n speelding!"

Die Seun het sy hande uitgesteek.

"Gee vir my, my hasie!" het hy gesê. "Jy moet dit nie sê nie. Hy is nie 'n speelding nie. Hy is WERKLIK!"

Toe die hasie dit gehoor het, was hy gelukkig, want hy het geweet dat wat die Vel Perd gesê het, uiteindelik waar was. Die kinderkamer se towerkuns het met hom gebeur, en hy was nie meer 'n speelding nie. Hy was WERKLIK. Die Seun het self so gesê.



Daardie aand was hy amper te gelukkig om te slaap, en soveel liefde het in sy klein saagsel hart geroer dat dit amper gebars het. En in sy stewel knopie oë, wat lank gelede hul politoer verloor het, daar het 'n blik van wysheid en skoonheid gekom, sodat selfs Nana dit die volgende oggend opgemerk het toe sy hom opgetel het, en het gesê: "Ek verklaar dat daardie ou Hasie 'n welwetende uitdrukking het!"

Dit was 'n wonderlike somer!



Naby die huis waar hulle gewoon het was daar 'n bos, en in die lang Junie aande gaan die Seun graag daarheen na tee om te speel.

Hy het die fluweel hasie saam met hom geneem, en voor hy rond gedwaal het om blomme te pluk, of by die varings tussen die bome te speel, het hy altyd vir die hasie 'n nessie iewers tussen die varings gemaak, waar hy nogal gesellig sou wees, want hy was 'n goeiehartig klein seuntjie en hy het daarvan gehou dat Hasie gemaklik was.



Een aand, terwyl die Hasie alleen daar gelê en gekyk het na die miere wat tussen sy fluweel pote in die gras heen en weer gehardloop het, het hy twee vreemde wesens sien uitkruip uit die lang varings daar naby hom.

Hulle was hasies soos hy, maar nogal bont en splinternuut. Hulle moes baie goed gemaak gewees het, want hulle nate het glad nie gewys nie, en hulle het op 'n vreemde manier van vorm verander wanneer hulle beweeg het; een minuut was hulle lank en maer en die volgende minuut vet en bondig, in plaas daarvan om altyd dieselfde te bly soos hy.



Hulle voete het sag op die grond gestamp, en hulle het redelik naby hom gekruip, met hul neuse wat hulle op trek, terwyl die Hasie hard gestaar het om te sien watter kant die klokwerk uitsteek, want hy het geweet dat mense wat spring oor die algemeen iets het om hulle opwen. Maar hy kon dit nie sien nie. Hulle was klaarblyklik heeltemal 'n nuwe soort Hasie.

Hulle het na hom gestaar, en die hasie het terug gestaar. En hul neuse het heelyd geruk.



"Hoekom staan jy nie op en speel saam met ons nie?" het een van hulle gevra.

"Ek is nie lus daarvoor nie," het die Hasië gesê, want hy wou nie verduidelik dat hy geen ratwerk het nie.

"O!" sê die harige hasie. "Dis so maklik soos enigiets." En hy gee 'n groot huppel sywaarts en gaan staan op sy agterpote.

"Ek glo nie jy kan nie!" het hy gesê.

"Ek kan!" het die hasie gesê. "Ek kan hoër as enigiets spring!" Hy bedoel as die Seun hom gegooi het, maar hy wou natuurlik nie so sê nie.



"Kan jy op jou agterpote spring?" het die harige hasie gevra.

Dit was 'n verskriklike vraag, want die Fluweel Hasie het glad nie agterpote gehad nie! Die agterkant van hom was alles in een stuk vas gemaak, soos 'n speldekussing. Hy het stil tussen die varing gesit en gehoop dat die ander hasies dit nie agter sou kom nie.

"Ek wil nie!" het hy weer gesê.

Maar die wilde hasies het baie skerp oë. En hierdie een het sy nek uitgestrek en gekyk.



"Hy het geen agterpote nie!" het hy uit geroep. "'n Hasie sonder enige agterpote!" En hy het begin lag.

"Ek het!" het die hasie uit geroep. "Ek het agterpote! Ek sit net op hulle!"

"Strek hulle dan uit en wys vir my, so!" het die wilde hasie gesê. En hy begin draai en dans totdat die hasie redelik duiselig geraak het.

"Ek hou nie van dans nie," het hy gesê. "Ek sit eerder stil!"



Maar die hele tyd het hy daarna gesmag om te kan dans, 'n snaakse nuwe kieliegevoel het deur hom getrek, en hy het gedink hy sal enigiets in die wêreld gee om te kan rondspring soos hierdie hasies.

Die vreemde hasie het opgehou dans en nogal naby gekom. Hy het hierdie keer so naby gekom dat sy lang snorbaarde die Fluweel Hasie se oor geborsel het, en toe het hy sy neus skielik gewikkel en het sy ore platgedruk en agtertoe gespring.

"Hy ruik nie reg nie!" het hy uitgeroep. "Hy is glad nie 'n hasie nie! Hy is nie werklik nie!"

"Ek is werklik!" het die klein Hasie gesê, "Ek is werklik! Die seun het so gesê!" En hy het amper begin huil.



Net toe was daar 'n geluid van voetstappe, en die Seun het naby hulle verby gehardloop, en met 'n voetstamp en 'n flits wit sterte het die twee vreemde hasies verdwyn.

"Kom terug en speel met my!" het die hasie uit geroep. "O, kom terug! Ek weet ek is werklik!"

Maar daar was geen antwoord nie, net die miertjies wat heen en weer gehardloop het, en die varing wieg saggies waar die twee vreemdelinge verby was. Die Fluweel Hasie was heeltemal alleen.

"O, allewêreld!" het hy gedink. "Hoekom het hulle weg gehardloop? Hoekom kon hulle nie stop en met my gepraat het nie?" Hy het lank stil gelê en na die varing gekyk en gehoop dat hulle sou terugkom.



Maar hulle het nooit terug gekeer nie, en die son het nou laer gedaal, en die klein wit motte het uit gefladder, en die seun het gekom en hom huis toe gedra.



Weke het verby gegaan, en die hasie het baie oud en slordig geword, maar die Seuntjie was net so lief vir hom.

Hy het hom so lief gehad dat die hasie al sy snorbaarde verloor het, en die pienk belyning aan sy ore het grys geword, en sy bruin kolle het vervaag. Hy het selfs sy vorm begin verloor, en hy het skaars meer soos 'n hasie gelyk, behalwe vir die Seun.

Vir hom was hy altyd mooi, en dit was al waarvoor die hasie omgee het. Hy het nie omgee hoe hy vir ander mense gelyk het nie, want die kinderkamer toorkragte het hom werklik gemaak, en wanneer jy regte armoedigheid het, maak dit nie saak nie.



En toe, eendag, was die Seun siek.

Sy gesig het baie rooi geword, en hy het in sy slaap gepraat, en sy lyfie was so warm dat dit die Hasie gebrand het toe hy hom naby gehou het.

Vreemde mense het in die kinderkamer in gekom en uit gegaan, en 'n lig het die hele nag gebrand, en daardeur het die hele klein fluweel Hasie gelê, weg gesteeek onder die beddegoed, en hy het nooit geroer nie, want hy was bang dat as hulle hom kry, iemand hom dalk sal weg neem van hom af, en hy het geweet dat die Seun hom nodig gegad het.



Dit was 'n lang vervelige tyd, want die Seun was te siek om te gaan speel, en die klein Hasie het dit nogal vaal gevind met niks om die hele dag lank te doen nie. Maar hy het geduldig nader gekruip en het uit gesien na die tyd wanneer die seuntjie weer gesond sou wees, en hulle sou uit gaan in die tuin tussen die blomme en die skoenlappers en sou heerlike speletjies speel in die framboosbossie soos hulle altyd gedoen het.



Hy het allerhande heerlike dinge beplan, en terwyl die Seun half gelê en geslaap het, kruip hy nader aan die kussing en fluister dit in sy oor. En nou het die koors gebreek, en die Seun het beter geword.



Hy het regop in die bed gesit en het na prentboeke gekyk, terwyl die hasie vas teen hom gelê het naby sy sy. En eendag het hulle hom laat opstaan en aantrek.



Dit was 'n helder, sonnige oggend, en die vensters het wawyd oop gestaan. Hulle het die seuntjie uit gedra na die balkon, toe gedraai in 'n tjalie, en die hasie het verstrengel tussen die bed en die klere gelê en dink.

Die Seun gaan môre see toe. Alles was gereël, en al wat oor gebly het was om die dokter se bevele uit te voer. Hulle het oor alles gepraat, terwyl die hasie daar gelê en geluister het. Die kamer moes ontsmet word, en al die boeke en speelgoed waarmee die seuntjie in die bed gespeel het, moet verbrand word.



"Hoera!" dink die hasie. " Ons gaan môre see toe!" Want die Seun het dikwels van die see gepraat, en hy wou baie graag die groot branders sien inkom, en die klein krappe, en die sandkastele.

Net toe sien Nana hom in die hoek van haar oog.

" Wat van sy ou Hasie?" het sy gevra.

"Dit?" het die dokter gesê. "Hoekom, dit is 'n massa skarlaken koors kiem! — Brand dit dadelik. Wat? Onsin! Kry vir hom 'n nuwe een. Hy kan dit nie meer hê nie!"



En so is die hasie in 'n boks gesit met die ou speelgoed, prentebouke en baie rommel, en was uitgedra na die einde van die tuin agter die voëlhok.

Dit was 'n goeie plek om 'n vreugde vuur te maak, die tuinier was net te besig om daaraan aandag te gee. Hy het aartappels gehad om uit te graawe en groen ertjies om te versamel, maar hy het belowe dat hy die volgende oggend redelik vroeg sal kom om die hele lot te verbrand.



Daardie nag het die seun in 'n ander slaapkamer geslaap, en hy het 'n nuwe hasie gehad om by hom te slaap. Dit was 'n pragtige hasie, heeltemal wit en sag met regte glas oë, maar die Seun was te opgewonde om baie daarvoor om te gee. Want môre gaan hy see toe, en dit was op sigself so 'n wonderlike ding dat hy aan niks anders kon gedink het nie.



En terwyl die Seuntjie geslaap het en van die see gedroom het, het die Hasië tussen die ou prentboeke gelê in die hoek agter die voëlhok, en hy het baie eensaam gevoel. Die boks was oop gelaat, en om deur 'n bietjie te wriemel het hy sy kop deur die opening gekry en het uit gekyk.

Hy het 'n bietjie gebewe, want hy was nog altyd gewoon daaraan om in 'n behoorlike bed te slaap, en teen hierdie tyd was sy jas so dun en verslete van omhelsing dat dit nie meer vir hom enige beskerming gegee het nie.



Daar naby kon hy die dik framboosriete sien wat hoog en naby gegroei het soos 'n tropiese oerwoud, in wie se skaduwee hy op vroë oggende met die Seun gespeel het. Hy het gedink aan daardie lang sonskyn ure in die tuin - hoe gelukkig hulle was - en 'n groot hartseer het oor hom gekom.

Dit het gelyk of hy hulle almal voor hom sien verbygaan, die een mooier as die ander, die sprokieshutte in die blombedding, die rustige aande in die bos wanneer hy in die varings gelê het en die miertjies oor sy pote gehardloop het; die wonderlike dag toe hy die eerste keer geweet het dat hy werklik was.



Hy het gedink aan die Vel Perd, so wys en saggeard, en alles wat hy hom vertel het. Van watter nut was dit om geliefd te wees en jou skoonheid te verloor en Werklik te word as dit alles so eindig? En 'n traan, 'n regte traan, het by sy klein armoedige fluweel neus af gesyfer en op die grond geval.

En toe gebeur 'n vreemde ding. Want waar die traan geval het, het 'n blom uit die grond gegroei, 'n geheimsinnige blom, glad nie soos enige wat in die tuin gegroei het nie. Dit het skraal groen blare die kleur van smarag gehad, en in die middel van die blare 'n bloeisel soos 'n goue beker.



Dit was so mooi dat die hasie vergeet het om te huil, en het net daar gelê en gekyk. En kort voor lank het die bloeisel oop gegaan, en daaruit het 'n feetjie uit gestap.

Sy was nogal die mooiste feetjie in die hele wêreld. Haar rok was van pêrel en doudruppels gemaak, en daar was blomme in haar hare, en haar gesig was soos die mees volmaakte blom van almal. En sy kom naby die hasie en maak hom in haar arms bymekaar en soen hom op sy fluweel neus wat klam was van die huil.



" Klein Hasie," het sy gesê, "weet jy nie wie ek is nie?"

Die Hasie het na haar opgekyk, en dit het vir hom gelyk of hy haar gesig al voorheen gesien het, maar hy kon net nie dink van waar nie.

"Ek is die kinderkamer towerfeetjie," het sy gesê. "Ek sorg vir al die speelgoed wat die kinders lief gehad het. Wanneer hulle oud en verslete is en die kinders het hulle nie meer nodig nie, dan kom vat ek hulle saam met my en verander hulle na die werklikheid."

" Was ek dan nie werklik voorheen nie?" het die hasie gevra.

" Jy was werklik vir die seun," het die feetjie gesê, "omdat hy lief was vir jou. Nou sal jy vir almal werklik wees."



En sy het die hasie in haar arms vas gehou en saam met hom die bos in gevlieg.

Dit was nou lig, want die maan het op gekom. Die hele woud was pragtig, die blaartjies van die varings het geskyn soos gerypte silwer. In die oop oopte tussen die boomstamme het die wilde hasies met hul skaduwees op die fluweelgras gedans, maar toe hulle die Feetje sien, het hulle almal opgehou dans en in 'n ring rond gestaan om na haar te staar.



" Ek het vir julle 'n nuwe speelmaat gebring," het die Feetjie gesê. "Julle moet baie vriendelik met hom wees en hom alles leer wat hy in Hasieland moet weet, want hy gaan vir ewig en vir altyd by julle woon!"

En sy soen die hasie weer.

" Hardloop en gaan speel, klein Hasie!" het sy gesê.



Maar die hasie het vir 'n oomblik stil gesit en nooit beweeg nie. Want toe hy al die wilde hasies om hom sien dans, het hy skielik onthou van sy agterpote, en hy wou nie hê hulle moes sien dat hy in een stuk gemaak was nie. Hy het nie geweet dat toe die Feetje hom daardie laaste keer gesoen het, sy hom heeltemal verander het nie.

En hy het lank daar gesit, te skaam om te beweeg, iets het toe sy neus gekielie, en voor hy gedink het wat hy gedoen het, het hy sy agtertoon opgelig om dit te krap.



En hy het gevind dat hy eintlik agterpote gehad het! In plaas van vuil fluweel het hy bruin pels gehad, sag en blink, sy ore het vanself gedraai, en sy snorbaarde was so lank dat hulle die gras geborsel het. Hy het een sprong gegee en die vreugde om daardie agterpote te gebruik was so groot dat hy oor die turf op hulle gaan spring het, sywaarts gespring en rond geswaai soos die ander, en hy het so opgewonde geraak dat hy uiteindelik gestop het om die Feetjie te soek maar sy was weg.

Hy was uiteindelik 'n Regte Hasie, by die huis saam met die ander hasies.



Herfs het verby gegaan en winter, en in die lente, toe die dae warm en sonnig geword het, het die seun uit gegaan om in die bos agter die huis te speel.

En terwyl hy gespeel het, het twee hasies by die hake uit gesluip en na hom geloer. Een van hulle was oral bruin, maar die ander een het vreemde merke onder sy pels gehad, asof hy lank gelede kolle gehad het, en die kolle het nog steeds deur geskyn.



En oor sy sagte neusie en sy ronde swart oë was daar iets bekends, het die Seun by homself gedink:

"Wel, hy lyk net soos my ou Hasie wat verlore gegaan het toe ek skarlaken koors gehad het!"

Maar hy het nooit geweet dat dit regtig sy eie Hasie was nie, hy het terug gekom om na die kind te kyk wat hom eerste gehelp het om werklike hasie te wees.

Die Einde





THINK

DIGITAL ACADEMY

